

18 April - GEE

Skrifgedeelte: Romeine 12:1-21

Fokusgedeelte: Romeine 12:1 (veral 1b)

Wanneer die oproep tot lidmate kom om “iets” vir die kerk, diakonie, sending of vir een of ander saak te gee, dan gee die meeste lidmate in die reël maklik “iets”, want dit is nie te veel gevra nie.

God wil egter nie maar net “iets” van ons hê nie. Hy wil ons persoonlik hê – met alles wat ons is en het. Dit is God se eis, naamlik dat ons Hom moet liefhê met jou hele hart, met jou hele siel en met jou hele verstand.

In die Ou Testament, Spreuke 13:26 (OAV), sê die Skrif: “My seun, gee My jou hart, en laat jou oë ’n welgevalle hê in my weë ...”

In Nehemia 4:6 staan daar: “Maar ons het die muur opgebou, en die volk was met hulle *hart* in die werk.” In Joël 2:14 spreek die Here – “Bekeer julle tot My met julle *hele hart*.”

Dus: om ons aan God as lewende en heilige offers te gee, vra beslis ons *hele hart*. Die woord offer herinner aan die offergebruike by Israel, maar anders as daardie offers moet die Christen homself aan God toewy (offer).

Aan uiterlike offerandes het God nie behae nie. Hy het altyd die hart saam met die uiterlike offerande gevra. Elke gelowige wat die genade van God ontvang het, moet homself aan God toewy as ’n lewende offer, en moet God dien op die wyse waarvoor hy die gawes van God ontvang het (Rom 12:3-8).

Die Skrif wys dan daarop dat hierdie offerdiens aan God veral bestaan in die betoning van liefde en barmhartigheid teenoor ons naaste (Rom 12:9-21). Hierdie gedeelte sê duidelik hoe ’n lewende offer van elke gelowige gevra word.

Jesus het dit treffend saamgevat in die woorde: “Dit is die eerste en grootste gebod. Jy moet die Here jou God liefhê, en die tweede wat hiermee gelykstaan, jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

Ds DF Coetzee (Piet Retief)